netwerk24.com

# Rapport sê: Kom gesels saam oor die toekoms van nuus

Send to Kindle

Dis verblydend dat *Rapport* se eienaar, Media24, besluit het om geen joernaliste af te lê as deel van sy huidige herstruktureringsplanne nie. Daarmee wys die maatskappy hy bly verbind tot gehalte-joernalistiek.

Die gesprek oor waar ons nuus in die toekoms vandaan gaan kom, het egter nou eers begin.

Die sakemodelle wat dekades lank die duur produksiekoste van nuus gedra het, klop nie meer nie.

Toe *Rapport* se sirkulasie in die tagtigs die eerste keer 500 000 gehaal het, is dit gevier met ’n onthaal vir adverteerders wat ’n halfmiljoen sekondes geduur het, “van Maandagoggend agtuur tot die volgende Sondagoggend drie-uur”. Advertensie-inkomste het betaal vir dié uitspattigheid. En vir nuus.

Adverteerders het egter allerlei nuwe maniere gevind om hul mark te bereik. Sportborgskappe, sosiale media en daardie irriterende telefoonoproepe wat ons van direkte bemarkers kry, word deels gefinansier uit bemarkings- en advertensiegeld wat voorheen nuus-enjins aan die gang gehou het. Die ontwikkeling van die internet as advertensie-medium het die skaal finaal laat kantel.

Sirkulasie-inkomste – die geld wat lesers betaal vir koerante of aanlyn subskripsies – moet daarom ’n al hoe groter deel van die koste delg.

Niemand spring die inkomste-dilemma vry nie, ook nie aanlyn, televisie- of radio-nuusdienste nie.

Terselfdertyd het media danksy die internet ’n opwindende gedaantewisseling ondergaan en daar is ’n onbeperkte aanlyn aanbod van vermaak, inligting en natuurlik sogenaamde gratis nuus.

Die oudjoernalis en mediakenner Andrew Trench raam die aantal Suid-Afrikaners wat vir nuus betaal, het gedaal van 1,4 miljoen in 2011 tot net 400 000 in 2024 – minder as die 500 000 koerantkopers met wie *Rapport* destyds by sy week lange sirkulasie-partytjie gespog het.

Niemand spring die inkomste-dilemma vry nie, ook nie aanlyn, televisie- of radio-nuusdienste nie. Koerante het egter die bykomende probleem van peperduur druk- en verspreidingskoste.

Baie nuus-instansies het deur die jare hul redaksies verklein om die koste-monster in toom te probeer hou. Volgens een raming is daar vandag 70% minder joernaliste in Suid-Afrika as net 15 jaar gelede.

Dit is onvermydelik dat die gedrukte weergawe van ′Rapport′ sal moet sluit, bes moontlik binne die volgende jaar.

Die span wat hierdie koerant skep, is een van die min oorblywende redaksies in die land wat nog selfstandig funksioneer met sy eie span senior joernaliste.

Ons is egter nou by die punt waar ons nie meer die drukkoste en verspreiding van die papierkoerant uit die krimpende advertensie- en sirkulasiebeursie kan finansier nie.

Dit is onvermydelik dat die gedrukte weergawe van *Rapport* sal moet sluit, bes moontlik binne die volgende jaar.

As daar een ding is wat duidelik is ná die hewige debatte oor die verwagte sluiting van die gedrukte koerante, is dit die waarde van koerante vir ons leefwêreld. Koerante is geselskap, nuusdraers én die dorpsplein waar idees gebore en geskaaf word.

Die onbelemmerde vloei van gehaltenuus is suurstof vir ’n demokrasie en vir ’n gesonde samelewing.

Die gesprekke het, soos Joan Hambidge dit so mooi stel, die “onsigbare drade tussen mense en instellings” blootgelê.

Dit gaan nie net oor koerante op papier of op klein skerms nie, maar oor die bande wat aktiewe burgers aan mekaar bind in ’n wêreld wat elke dag meer gefragmenteer raak.

Net soos skole, sportklubs, kunstefeeste, sepies of die slaghuis op die hoek, is koerante ’n plek waar mense mekaar vind en met mekaar leer saamleef. Die onbelemmerde vloei van gehaltenuus is suurstof vir ’n demokrasie en vir ’n gesonde samelewing.

Die besluit om 66 joernaliste se poste te behou, gee vir die redaksies van *Rapport* en Netwerk24 die geleentheid om nuut en innoverend te dink oor hoe ons die trotse tradisie van eerstehandse, voete-op-die-grond-, onafhanklike, gehalte-joernalistiek op Sondae in die digitale ruimte kan laat voortleef.

En om saam met u, ons lesers, te besin oor hoe ons leefwêreld – ’n Afrikaanse lewe, soos Flip Buys van Solidariteit dit elders in *Weekliks* noem – in die toekoms gaan lyk.

Gesels gerus saam.

---

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/kommentaar/rapport-se-gesprek-oor-die-toekoms-van-nuus-begin-nou-20240803